50

# VILLA BULLETIN

*Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village -nr 50 Augustus 2024*

**Belangrike interne nommers**

**Oordbestuurder**
**7003**
**Ontvangs**
**7001 en 7002**
**Onderhoudspan**
**1128**
**Sekuriteit**
**6363 en 1126**
**Sorgsentrum**
**7020 en 1130**
**Suster Ina**
**7025**
**Wassery**
**7021**
**Kliniek Andrea**
**1127**
**Haarsalon**
**7019**
**Skoonheidsalon**
**7005**
**Koffiewinkel**
**7029**

**Eksterne Nrs**

**Ambulans**
**086 108 6911**
**Oordsuster (nood)**
**076 2123412**
**Onderhoudsspan**
**064 812 0093**
**Brandweer**
**071 409 9254**
**Metro polisie**
**012 358 7095**
**SAPD Sinoville**
**012 543 8800**
**Dr Venter**
**066 152 9552**
**Kombuis**
**012 000 4439**
**Sorgsentrum**
**012 000 4438**
**Of Nood**
**060 326 2659 Ina**
**KLB elektries**
**071 194 2153**
**Vdm Loodgieter**
**071 194 2153**
**Best Loodgieters**
**012 453 1760**

## GESELSSKAPDIENS

Ons sorgsentrum en kliniek lewer medies verwante sorg en hulp. ProCare bied ook ‘n geselsskapdiens teen R350 vir 5 ure. Vir geselsskap of om saam te gaan as u aankope gaan doen ens., vra gerus of u spesifieke behoefte beskikbaar is. Kontak die sorgsentrum vir die besonderhede.

## OMGEE GROEPE

Daar is ’n besliste behoefte in ons oord vir omgeegroepe.  Ons soek mense wat betrokke wil raak by sulke groepe en/of sulke groepe wil stig. Dit kan ’n verskeidenheid van groepe wees. Per woonstelblok, vir ’n spesifieke area of net algemeen vir die hele oord. Dit kan ’n kerklike grondslag hê en of meervoudig denominasioneel. Blokleiers kan hier betrek word indien gewillig. Dit gaan oor ondersteuning vir moedeloses, besoeke aan eensames, oproepe of koffie-kuiers waar die behoefte bestaan. en moedeloses ens. Kom meld aan asseblief of stig u eie groep in u omgewing.

## VERSORGING TE BOUGAINVILLA AFTREE-OORD

Pro Care is ons aangestelde kontrakteur. Hulle bestuur die sorgsentrum en lewer dienste vir tuisversorging en die aflewer en toediening van medikasie aan ons inwoners. Vir hierdie dienste moet daar betaal word. Dit plaas sekere verpligtinge en verantwoordelikhede, insluitend wetlike voorskrifte, op ons aangestelde kontrakteur. Daarom word daar slegs van gekwalifiseerde personeel gebruik gemaak.

Tuisversorging deur ander instansies gelewer, selfs al is hulle gekwalifiseerd, is nie die verantwoordelikheid van ProCare nie. Die betrokke instansie is dan verantwoordelik. Twee instansies kan nie gelyktydig verantwoordelik wees nie. Dit sal chaos veroorsaak en tot onnodige, en selfs gevaarlike, risikos kan lei.

Daar word selfs hier en daar huiswerkers as versorgers gebruik, sonder enige kwalifikasies. U is dan self verantwoordelik en alle risikos daaraan verbonde is nou u eie.

Pro care is NIE verantwoordelik nie en kan en sal nie verantwoordelik gehou word vir dienste gelewer deur ander ANDER diensverskaffers NIE. Daar gaan gevolglik van almal wat ander diensverskaffers gebruik maak ’n ondertekende vrywaringsvorm vereis word wat ProCare sal vrywaar. Indien u sou weier sal dit so aangeteken en onderteken word deur ’n ProCare- en ’n HEV verteenwoordiger om te bevestig dat u steeds self die verantwoordelikheid  en risiko neem.

Dit is onredelik om te verwag dat Procare 24/7 beskikbaar moet wees waar daar van ander versorgingsdienste gebruik gemaak word. ProCare kan nie personeel daarvoor op bystand hou sonder om te weet wat die risiko van die pasiënt of die hoeveelheid pasiënte is nie.

## ONS HUISWERKERS

Elizabeth en Tabea  is onafhanklike entrepeneurs wat vir hulle self werk. Hulle is in hul eie diens en nie in iemand anders se diens nie. Betaling geskied direk aan hulle.

## HAARSALON

Die haarsalon het onlangs na 10 jaar nuwe beligting (LED) gekry. Nelda en Santie sal weer kan sien wat hulle doen. Die stoele sal binnekort ook herstoffeer word. Die stoele se bekleding wys ook 10 jaar se slytasie. Binnekort lyk alles hier weer nuut, mooi en netjies.

## KOMMISSARIS VAN EDE


Daar is ’n groot behoefte by ons inwoners aan ’n Kommissaris van Ede op terrein. Slegs op afspraak soos en wanneer beskikbaar. Geen “ope deur” waar enig iemand sommer enige tyd kan instap nie. As u ’n Kommissaris van Ede is en uself beskikbaar wil stel om die diens, op u voorwaardes te lewer, sal dit hoog op prys gestel word. Kom meld uself aan ASSEBLIEF.

## SKOONHEIDSALON

Die skoonheidsalon het nou uitgebrei en daar is nou twee naeltafels en twee ander “stasies” splinternuut en netjies. Addisionele personeel is ook aangestel. Kom maak ’n afspraak en u sal verras wees.







## GROEN KRANE

Alle krane wat gekoppel is aan die water van die boorgat sal GROEN geverf word. Daardie water is vir besproeing en ander gebruike maar nie vir menslike inname nie. (Die verslag van H20GURU gedateer 13/5/24 verwys). Almal wat binne bereik van die groen krane woon word versoek om so ver moontlik daarvan gebruik te maak. Dit sal ’n groot besparing in ons munisipale waterrekening verseker.

## GORDYNE STOEP 3

Gordynreëlings en gordyne behoort volgende week aangebring te word. Dit sal privaatheid vir inwoners van blok A1 verseker asook vir die mense wat met hul aktiwiteite op die stoepe bedrywig is. Stoep 2 sal later volg.

## HYDROBOIL STOEP 1

Daar word beoog om stoep een toe te rus met ’n Hydroboil wat ten alle tye warm water beskikbaar sal hê vir koffie tee of warm sjokolade. Daar sal kartonbekers voorsien word en elke groep kan sy eie koffie tee suiker ensovoorts bring. Daar sal ook ’n lugversorger geinstalleer word. Daar vergader tans net af en toe ’n omgeegroep en ’n klein bybelstudiegroepie.
Ons voorsien dat alle speletjies daar gespeel gaan word en ook kleiner familiekuiers. Indien u woonstel of kamers te klein of ongeskik is kan die stoep deur u benut word.

## WATERTENK TE KOOP



Die kleiner aanvanklike watertenk wat geinstalleer was om direk na die sink van die boorgat noodwater beskikbaar te kon hê, is nou oorbodig. Sedertdien (en NET BETYDS) is die twee 10 000 liter tenks en nuwe pomp geinstalleer. Dit was ’n wonderlik uitkoms vir ons inwoners met die onlangse munisipale waterprobleem.
Inwoners wat belangstel om die tenk te bekom kan in ’n verseëlde koevert ’n aanbod inhandig en in ons tenderboks plaas wat by ontvangs beskikbaar sal wees. Beste aanbod teen Vrydag, 16 Augustus 2024 om 12:00 uur die tenk kan koop. Hierdie koper sal dit self moet verwyder.

## PHILADELFIA ARK PROJEK

Baie dankie aan Frank en Hettie van eenheid 7 wat die organisasie van hierdie projek hanteer.
Die volgende skrywe is ontvang van Frank en Hettie.

*Geagte inwoners*

*Langs hierdie weg wil ons net weereens baie dankie sê vir al die inwoners wat ons nogsteeds ondersteun en gereeld bydraes maak vir Filadelfia Ark. U bydraes dra baie daartoe by om die lewensomstandighede van die inwoners te verbeter.*

*As ons net dink aan die koue dae en nagte wat ons onlangs ervaar het is die warm klere en beddegoed wat ons aan die inwoners kon verskaf het meer as welkom en met dankbaarheid ontvang. Daar is voorts 'n deurlopende en dringende tekort aan messe, vurke en alle soorte lepels.*

*As ons nie tuis is nie, plaas die bydraes voor ons voordeur. Ons het 'n behulpsame buurman wat 'n sleutel vir ons huis het en wat maar te gewillig is om dit in die huis te sit. As dit nie vir u moontlik is om die goedere by ons huis te kom aflaai nie, bel ons gerus om dit te kom afhaal.*

*Onlangs was dit ook vir ons moontlik om 'n beskadigde motorhuisdeur aan 'n persoon wat groente kweek te lewer met die toestemming van die skenker. Die panele is gebruik om plantbakke van te maak. Die oord kon dit op daardie stadium nie gebruik nie.*

*Kyk gerus na die insetsel van Filadelfia Ark op YouTube.*

*Groete*
*Frank en Hettie Smith*
*Huis nommer 7 in Arendstraat*
*Tel: 6007*
*Selnommer: 0828825299*
**<u>Ondersteun gerus hierdie verdienstelike saak</u>**

## BOETES

Ons gaan begin strenger optree.
Daar is steeds gereeld mense wat hul tuinslange gebruik om plaveisel skoon te spuit. Dit word nie toegelaat nie.
Tuinslange mag volgens munisipale regulasies slegs tussen 18:00 en 06:00 gebruik word, terwyl u dit in die hand het. Geen sproeiers nie.
Ons sal nie namens die munisipaliteit toesig hou hierop tussen 16:00 en 09:00 maar tussen 09:01 en 15:59 sal ons begin om streng op te tree.
Dieselfde geld ten opsigte van balkonne waar al meer wasgoed, besems, dweile ens. sigbaar is.

## SNUFFELHOEKIE

Die fondse van die snuffelhoekie sal aangewend word binne ons oord soos volg:
Ons oordsuster, Andrea, sal die ernstigste sake van swaarkry deurgee aan 'n maatskaplike werker en, in werklik verdienstelike gevalle, sal hulp verleen kan word.

## STRAATLIG

Daar is besluit om voort te gaan met die installasie van 'n straatlig in Madeliefiesingel. Dit sal met 'n sonpaneel werk. Dit is 'n toets en sal vir ander donker kolle waar beligting nodig is beskibaar kom. Inwoners van die omgewing sal dit moet goedkeur.

## SOSIALE AKTIWITEITE

Indien enigiemand veerpyltjies wil kom speel kan u enige tyd alleen of met ander kom speel. Dieselfde geld ten opsigte van tafeltennis, u hoef nie uitgenooi te word nie. As u lus het kom u en u speel. Binnekort sal dieselfde geld ten opsigte van die "POOL" tafel.
Later as enigiemand 'n klub/groep wil stig of gereeld bymekaarwil kom om te speel is dit reg. Kommunikeer dan met ons Direkteur Sosiale Aangeleenthede (Carel Marx), om tye te reserveer vir u groep of klub. Carel Marx 6131

## BLOKLEIERS

Groot dank aan alle blokleiers met die toekenning van tydgleuwe vir die gratis tuindienste. Ons is reeds in die derde maand en dit gaan werklik goed.

Met die onlangse waterprobleem het ons weer iets geleer. Water in allerlei houers is spontaan volgemaak aangery en afgelewer deur medeinwoners, tuinwerkers &personeel, en selfs die golfkarretjies is ingespan. Ook is groot houers vol gemaak en by die sorgsentrum afgelewer. Fantastiese samewerking! Baie dankie aan almal wat gehelp het.

MAAR daar is mense oorgeslaan wat nie mobiel is nie. Vir die toekoms sal reëlings in plek moet wees dat diesulkes eerste gehelp sal word. Blokleiers wat byeenkomste reël vir hul woonstelblok of area, ongeag of dit ’n braai, koffie en koek, wafel met roomys, of iets anders is, sal twee maal per jaar teen R20 per kop vir die wat dit bywoon, deur die oord vergoed word.

## ABRAHAM KRIEL KINDERHUIS

Daar is tans ’n groot behoefte aan klere vir dogters van 12 tot 15 jaar. Indien u kinders of kleinkinders hier kan help sal dit hoog op prys gestel word.

## KOORSANG EN MUSIEK

Ons wil graag weer ’n koor aan die gang kry. Praat met Carel (6131). Wie kan en wil die leiding neem? Enigiemand wat ’n middag wil reël vir lekker saamsing volksliedjies?

## ONS INFORMANT

Ons oord loop voor ten opsigte van baie sake. Koffiewinkel, Dek, Braaigebou en area, toegeboude stoepe met veerpyltjies, tafeltennis, rolbal, buite TV, gratis tuindienste, kunsteklaskamer ens., maar helaas nie ten opsigte van ‘n maandelikse nuusbrief nie. Meeste oorde doen in hierdie opsig beter as ons. Ons is op soek na ’n passievolle persoon as redakteur en passievolle medewerkers wat die projek met entoesiasme sou wil aanpak. Ons is seker hier is ’n hele aantal bekwame persone in ons oord wat ’n groot sukses hiervan sou kan maak. Kom na vore sodat ons ook in hierdie opsig minstens met ander oorde kan saamloop en dalk selfs voorloop.

## SORGSENTRUM PANNEKOEKE PROJEK

Dinie en Magda het die behoefte en geleentheid raakgesien. Daar is sedertdien 1000de pannekoeke gebak en verkoop. ’n Hele span vrywilligers het onbaatsugtig hul hulp aangebied. ProCare personeel is net so betrokke en behulpsaam.

Die doelwit is om artikels aan te koop vir allerlei aktiwiteite, speletjies/oefenitems waarmee inwoners gestimuleer en besig gehou kan word. Alle inwoners kry ook elke keer gratis pannekoek. Boonop geniet hulle ook die aktiwiteit van die dag, sien uit daarna. Dit is opbeurend. Daar word geskenkies uitgedeel aan inwoners met verjaarsdae en ander spesiale geleenthede, soos Kersfees. Dit alles help om die verblyf vir die inwoners daardie ekstra vreugde en plesier te verskaf.







***Ondersteun: Ons koffiewinkel, ons dinsdag mark, ons haarsalon, ons rolbal, ons mandjiedanse, ons eetsaal, ons braaigeriewe, ons maandmarkte, ons uitstallers, ons sorgsentrum, ons skoonheidssalon, ons kaas en wyn funksies, ons sop en sjerrie aande, ons gaskunstenaarsaande, ons kerkdienste, ons biblioteek, ons bybelstudies, ons kaartspeletjies, ons bingo, ons feeste, ons rummikub, ons tuindienste, ons vrydag pannekoekverkope,ons veerpyltjies, ons tafeltennis, ons tuisversorging, ons medisyne toediening, ons kliniek, ons kiosk, ons lyndans, ons trimgim, ons Dokter, ons oordsuster, ons wassery, ons straatbraaie, ons facebook, ons informant <u>ONS BOUGAINVILLA AFTREE-OORD!!!</u>***

**JB**